



## PASTORALE BRIEF DESEMBER 2020

### 'n Andersoortige plan

My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

*(Jesaja 55:8-9)*

Wat val jou die meeste van Kersfees op? Nee, daar is nie korrekte en verkeerde antwoorde op hierdie vraag nie. Daarom gaan ek eerder vir jou sê wat *my* elke keer weer vierkantig tussen die oë slaan van Kersfees: die andersheid daarvan. Kersfees is net so *anders* as wat jy sou verwag. Jy sou verwag dat die Koning van die heelal sy Seun in prag en praal aarde toe sou stuur, en dat Hy in die deftigste kraaminrigting in Jerusalem gebore sou word, omring deur die grootste ruikers wat die wêreld nog ooit gesien het, maar dis nie wat gebeur nie. In plaas daarvan is al plek wat Hy kon kry, die stal van die een of ander obskure herbergie. Jy sou ook verniet soek vir geleerde ginekoloë en vername besoekers langs sy bedjie. Jy sou eerder die skaapwagters van die omgewing daar kry – mense wie se getuïenis nie eens deur 'n hof aanvaar was nie, so is daar op hulle neergesien! En so kan ons aangaan. Op elke punt verras die verhaal ons. Weereens, is God se plan totaal anders as ons planne, en is sy gedagtes en dade ver verhewe bo ons s'n.

God het verkies om die wêreld te verlos in absolute eenvoud. Dis waarom Hy gedien wil word deur mense wat Hom soos kindertjies vertrou en volg. En dis waarom ons die heel naaste aan die betekenis van Kersfees kom as ons dit soos kindertjies vier: in eenvoud en stilte, oorweldig deur dankbaarheid en die liefde van 'n God wat só groot is, dat ons dit nooit sal verstaan nie. Mag jy regtig 'n geseënde Kersfeestyd ervaar!